Mediaverklaring
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)
30 Junie 2010

Nuwe norme ten opsigte van lewenslyfrente om pensioenarisse te beskerm

Suid-Afrikaanse lewensversekeringsmaatskappye moet binne drie maande ‘n aantal norme in werking stel wat deur die Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA) ontwerp is om die risiko te temper dat pensioenarisse se kapitaal in beleggingsgekoppelde lewenslyfrente uitgeput sal raak.

Van alle lidmaatskappye wat lewenslyfrente bemark, administreer of onderskryf, word verwag om teen 30 September vanjaar ASISA se norme ten opsigte van dié lyfrente te implementeer, volgens Peter Stephan, senior beleidsadviseur van die vereniging.

Lewenslyfrente bied aan pensioenarisse die buigsaamheid om die onderliggende beleggings te kies waarin die kapitaal geplaas word asook om die verlangde inkomste te bepaal, met dien verstande dat die jaarlikse pensioen tussen 2,5% en 17,5% van die kapitaal beloop. Lewenslyfrente is ‘n gewilde beleggingskeuse omdat die geld wat oorbly na die erfgename oorgedra word wanneer die pensioenaris sterf. Anders as by konvensionele lyfrente berus die verantwoordelikheid ten opsigte van lewenslyfrente egter by die pensioenaris om te verseker dat die kapitaal ‘n lewenslange pensioen lewer. Met konvensionele lyfrente berus die volle beleggingsrisiko en die risiko dat die pensioenaris langer kan lewe as wat verwag word by die versekeraar.

ASISA se nuwe norme ten opsigte van lewenslyfrente is dus daarop gemik om te verseker dat ASISA-lede dit verantwoordelik bemark en administreer en dat finansiële adviseurs en hul kliënte voorsien word van die inligting wat nodig is om te verhinder dat die kapitaal as gevolg van ontoepaslike beleggings- en inkomstekeuses voortydig uitgeput raak, sê Stephan.

Die maatskappy wat die lewenslyfrente verkoop, sal ook verantwoordelik wees om te verseker dat onafhanklike finansiële adviseurs die norme nakom.

“Terwyl die norme openbaarmakingsvereistes ten opsigte van lewenslyfrente behels, wil ons dit beklemtoon dat dit ons lidmaatskappye steeds vrystaan om hul eie handelsvoorwaardes soos koste en beleggingskeuse te bepaal,” sê Stephan.

Die goeie nuus is dat die nuwe norme op nuwe en bestaande kliënte van toepassing sal wees.

Norm 1: Toepaslike inligting oor voordele en risiko’s

Maatskappye moet alle nuwe kliënte inlig dat hul finansiële adviseur verplig is om aan hulle te verduidelik wat die voordele én die risiko’s van lewenslyfrente behels en om dit met konvensionele lyfrente te vergelyk.

Nuwe kliënte moet ook gewaarsku word dat die verkose inkomstevlak nie vir die res van hul lewe gewaarborg word nie. Daarby moet maatskappye pensioenarisse daarop wys dat die verkose inkomstevlak te hoog kan wees en straks nie volhoubaar nie indien hulle langer leef as wat verwag word of die opbrengs op die kapitaal laer is as wat vereis word om ‘n volhoubare lewenslange inkomste te verskaf.

Kliënte moet van geskrewe leiding voorsien word sodat hulle kan bepaal of hul inkomstekeuse hul lyfrente in gevaar stel of nie. Dit moet plaasvind wanneer die lewenslyfrente verkoop word en daarna minstens elke jaar.

Kliënte moet ook ingelig word dat hulle hul lewenslyfrente van een versekeraar na ‘n ander kan oordra en dat ‘n lewenslyfrente ook na ‘n konvensionele lyfrente omgeskakel kan word.

Norm 2: Toepaslike beleggings

Maatskappye moet finansiële adviseurs en hul kliënte by die aanvang van die lewenslyfrente en dan elke jaar daaraan herinner om vas te stel of die verkose beleggings in hul lewenslyfrente toepaslik is ten opsigte van risiko/opbrengs.

Norm 3: Batesamestelling

Ten einde kliënte en hul finansiële adviseurs in staat te stel om die toepaslikheid van die verkose beleggings te takseer, word van maatskappye vereis om kommunikasie oor die werklike batesamestelling van die lewenslyfrente by die aanvang daarvan en daarna minstens elke jaar uit te stuur.

Norm 4: Bedryfsgegronde ontleding en monitering

Lidmaatskappye moet aan die einde van elke kalenderjaar ‘n statusverslag oor lewenslyfrente aan ASISA voorsien. Dié individuele verslae sal op versoek aan die toepaslike reguleringsinstellings beskikbaar gestel word vir noukeurige ondersoek. Bydraende lede sal ook toegang gebied word aan ‘n saamgestelde verslag wat sal bestaan uit die proporsionele verdeling van kliënte op grond van ouderdoms- en onttrekkingsgroepe.

Einde

Vir die reël van onderhoude, kontak asseblief:
Lucienne Fild
Onafhanklike Kommunikasiekonsultant
082 567 1533
lucienne@mweb.co.za

Uitgereik namens:
Peter Stephan
Senior Beleidsadviseur
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)
(021) 673 1620

ASISA verteenwoordig die meerderheid van Suid-Afrika se batebestuurders, bestuursmaatskappye van kollektiewe beleggingskemas, diensverskaffers van gekoppelde beleggings, multibestuurders en lewensversekeringsmaatskappye. ASISA is in 2008 in die lewe geroep deur lede van die Vereniging van Kollektiewe Beleggings (ACI), die Beleggingbestuursvereniging van Suid-Afrika (IMASA), die Diensverskaffersvereniging vir Gekoppelde Beleggings (LISPA) en die Vereniging van Lewensversekeraars (LOA).